



Die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging
(SASV)


Bulletin 8A

2015/1

Kleurduiwe


Hierdie groep duiwe se kleur is 'n belangrike eienskap waaraan aandag geskenk moet word tydens teling en beoordeling. Elke ras het sy eie kenmerke en kleurpatrone en word daarvolgens beoordeel. Alhoewel kleur 'n baie belangrike eienskap van die onderskeie rasse is, moet die duif se ander ras eienskappe steeds streng nagevolg word. Kleurduiwe is nie baie volop nie, maar daar is nou heelwat belangstelling in die rasse en toegewyde telers probeer om die gehalte en getalle van die rasse weer te verhoog.

Polish Lynx




Die Polish Lynx is groot en breed, die rug is breed met goeie diepte tussen die rug en die borsbeen. Die nek is kort, dik en baie sterk by die skouers. Die oog kan rooi of oranje wees. Die bene is kort en sterk. Kleure is gebalk, geruit of gekant. By die gebalkte duiwe is die kleur van die balke wit, by geruit is die patroon op die vlerke gelykstaande aan die grondkleur maar opgebreek met wit driehoekies wat met swart omsom is. By die gekante patroon, vertoon die vlerkdekkere 'n omlyning wat duidelik sigbaar is. Die grondkleur en die patroon moet egalig wees.

Strasser



Die Strasser is groot, sterk en stewig. Die bors is breed vol en diep, die rug is breed tussen die skouers, reguit en horisontaal gedra. Die bene is sterk en redelik kort. Die oog is rooi met 'n fyn oogring. Die grondkleur van die duif is wit. Die gekleurde dele is die kop, borslap, vlerke, penvere, rug, stert en dekkere. Die borslap is so laag dat dit die punt van die bek raak wanneer die bek afgedruk word na die bors. Die borslap loop om na die agterkop sodat 'n omgekeerde V op die kop vorm.

Lahore




Die Lahore is 'n netjiese, groot en lewenskragtige duif, waarvan die ruglyn horisontaal met die grond is. Die nek is kort en sterk, breed by die basis. Die bors is breed en vol en die vlerkranse moet met borsvere bedek wees. Die bene is matige lengte, met vere bedek en die tone moet 'n goeie dik veerbedekking hê. Die keel, voorkant van nek, bors, maag, kruis, stert en 'n dun lyn van 3mm wyd bokant die oog moet suiwer wit wees. Die voorkop, agterkant van die kop, nek, boonste gedeelte van rug, skouers, vlerkranse, vlerkdekkere en vlerkpenvere moet gekleurde wees.

Magpie




Die Magpie is van medium grootte, wat regop, elegant en lewendig vertoon. Die Magpie moet minstens 250mm hoog wees. Die lyf is slank, met skouerpunte wat opwaarts wys. Die nek is lang, fyn en slank. Die kop is lank en dun, met 'n wit of pêrel oog. Die bene is lank, met die onderbene effens korter as die bo bene, wat terugwaarts strek sodat die knieë effens buig. Die bene is ver terug in die lyf geplaas. Die kop, nek, bors, rug, saal en stert is gekleur met die res van die lyf wat wit is.

ArchangelGimpel





Die duif is middelmatig van grootte, taamlik lank en slank en spits af van die skouers na die stert. Die kop is lank en smal met 'n mooi kurwe van die bek tot die kuif. Die kuif staan regop vanaf die agterkop, in die middel geplaas en spits af na 'n dun punt wat so hoog as moontlik is. Die bek is taamlik lank en slank. Die kop, bors, nek, bene en onderdons is rooi of geel (brons of koper) en die vlerke en stert kom in 'n groot verskeidenheid kleure voor, waarvan swart, wit of blou die algemeenste is. Die duiwe met swart vlerke vertoon 'n kewergroen glans.


Polish Lynx - "Spangled" merke



Lahore - Kop merke



Strasser - wit gebalk



www.safpa.za.org

SA Kleurduif Klub

President: Awie Esterhuizen
084 6820143
pyp.esterhuizen@gmail.com
Sekretaris: Peet Botha
082 4670997

Strasser Klub van SA

President: Chris de Bruin
082 4268703
chris.debruin@dcs.gov.za
Sekretaris: Hendri Botha
082 5500158